



Verwysings: 20170223-8601

12/2/8/13/2

Navrae: N Dodgen

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 006/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Adjunk-direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Kringbestuurders; Hoofonderwyskundiges; AOO- en VOO-koördineerders; Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare primêre skole

Onderwerp: Beroep op skole om vir die 2017 Nkosi Albert Luthuli-toekennings vir Jong Geskiedkundiges te registreer

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), nooi hiermee alle skole uit om aan die 2017 Nasionale Skole Mondelinge Geskiedenis-kompetisie vir die Nkosi Albert Luthuli-toekennings vir Jong Geskiedkundiges deel te neem.
2. Hierdie kompetisie is in 2005 ingestel en vorm deel van die DBO se bydrae tot die versterking van die onderrig en leer van Geskiedenis by skole.
3. Dit vorm ook deel van die DBO se voortgesette inisiatief om alle leerders aan te moedig om nie net 'n begrip van die breë geskiedenis van Suid-Afrika te ontwikkel nie, maar ook die belangrikheid van die geskiedenis van hulle plaaslike gemeenskappe te begryp. Dit is ook 'n geleentheid vir jong leerders om ondervinding in die ontwikkeling van belangrike navorsingsvaardighede op te doen.
4. Hierdie kompetisie is oop vir graad 8- tot 11-leerders en Sosiale Wetenskappe-/Geskiedenisonderwysers
5. **Kompetisie vir leerders**

Daar sal van leerders verwag word om 'n mondelinge aanbieding oor een van die volgende onderwerpe na te vors en voor te berei:

- 5.1 *Oliver Tambo was 'n ware dienaar van die mense en was toegewyd daartoe om te verseker dat Suid-Afrika 'n nierassige, verenigde, nie-seksistiese en voorspoedig land sou word.*

Daar word van leerders verwag om met 'n voormalige aktivis 'n onderhoud te voer en hul waarnemings uit te lig oor of die pogings van die aktivis/te wel 'n impak op die gemeenskap waarin hulle bly, gemaak het.

By die hantering van die onderwerp, moet die fokus op die lewensverhaal van 'n voormalige aktivis/te in hul gemeenskap wees wat die waardes van OR Tambo met die uitklar van kwessies van geslagsgelykheid, nierassigheid, sosio-ekonomiese gelykheid, sowel as die verbetering van onderwys in hul gemeenskap, nagevolg het.

- 5.2 *Op 23 Maart 1987, het Johannesburg se spoorwegwerkers, ter ondersteuning van 'n kollega wat afgedank is, gestaak. Die South African Railway and Harbour Workers Union (SARHWU) het met 'n staking begin en die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM), OK Bazaars, poskantoorwerkers en motorwerktuigkundiges het by hulle aangesluit.*

Daar word van leerders verwag om met voormalige werkers 'n onderhoud te voer wat aan die 1987 staking van die South African Railway and Harbour Workers Union (SARHWU) deelgeneem het en by hulle uit te vind hoe die staking toe 'n impak op Suid-Afrika se werksomstandighede gehad het, en nou ook.

- 5.3 *Hoofman Albert Luthuli het eenkeer gesê: "We have a vision of South Africa in which black and white shall live and work together and where there shall be neither whites nor blacks, just South Africans, free and united in diversity". Soos Suid-Afrikaners die afsterwe van Hoofman Albert Luthuli 50 jaar gelede herdenk, word 'n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om die dryfkrag van Hoofman Albert Luthuli na te streef deur as 'n eenheid teen die gevare van rassisme en verdeeldheid te staan.*

Daar word van leerders verwag om met 'n individu in hul gemeenskap 'n onderhoud te voer wat, gedurende die apartheids-era, 'n plaaslike held of heldin was en by hom/haar uit te vind watter impak die ideale van Hoofman Albert Luthuli op hul lewens en dié van alle Suid-Afrikaners gehad het.

By die hantering van die onderwerp moet die fokus op die sosio-politieke biografie van 'n plaaslike held of heldin in hul gemeenskap wees wat volgens die ideale van Hoofman Albert Luthuli geleef het en die impak wat hierdie ideale op hul lewens en dié van alle Suid-Afrikaners gehad het.

- 5.4 *Vryheid, demokrasie en geskiedenis van hul skool – hoe hul skool apartheid ervaar*

het asook die veranderinge sedert die koms van demokrasie in 1994.

Daar word van die leerder verwag om met lede van hul gemeenskap, wat gedurende die apartheidsera deel van hul skool was, 'n onderhoud te voer. Hulle kan ook met voormalige leerders en/of onderwysers van die skool 'n onderhoud voer om vas te stel hoe die skool sedert die koms van demokrasie in 1994 verander het.

By die hantering van hierdie onderwerp moet die fokus op die transformasie van die skool wees.

5.5 *Die Swart Bewustheidsbeweging in Suid-Afrika is sinoniem met sy stryder, Steve Bantu Biko, wat steeds as 'n ikoon in die stryd teen apartheid gesien word. Steve Biko het veral moed onder die jeug gekweek om teen 'n onregverdige stelsel onder die vaandel van "Black Consciousness" te veg.*

Leerders moet met 'n leier, wat in die 1970's deel van die Swart Bewustheidsbeweging was, 'n onderhoud voer en oor sy/haar lewensverhaal skryf.

By die hantering van die onderwerp moet die fokus op die lewensverhaal van 'n Swart Bewustheidsleier wees en hoe die sienings van die Swart Bewustheidsbeweging tot die ontwikkeling en die implementering van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wat in 1996 in werking getree het, gelei het.

6. Let asseblief op die volgende:

- Die projek moet op mondelinge geskiedenisnavorsing gebaseer wees.
- Vir inligting oor mondelinge geskiedenisnavorsing word leerders en onderwysers aangeraai om die volgende webtuistes te besoek: South African History Online by www.sahistory.org.za en die South African History Archives by www.saha.org.za.
- Leerders moet gehelp word met hulle keuse van persone met wie hulle 'n onderhoud wil voer en moet sterk aangemoedig word om persone in hulle plaaslike gemeenskap te kies.
- Leerders moet aangeraai word om met ten minste drie tot vier persone 'n onderhoud te voer.
- Leerders moet 'n portefeulje met al hul navorsingstukke voorlê.

7. **Vereistes vir leerders**

7.1 Bied 'n mondelinge voorlegging aan – die oogmerk is nie dat dit 'n dramatiese voorlegging of digkuns moet wees nie.

7.2 Berei 'n portefeulje in geskrewe formaat voor wat die volgende moet insluit:

- Bewys van navorsing – leerders moet met lede van die gemeenskap 'n onderhoud voer en in staat wees om bewys van hul onderhoude te kan toon, byvoorbeeld:
 - briewe aan persone met wie onderhoude gevoer is;
 - transkripsies van die onderhoude of bandopnames; en
 - 'n lys vrae wat aan die persone gestel is met wie hulle 'n onderhoud gevoer het en hul response – óf op skrif óf digitale bandopname.

7.3 Alle geskrewe werk en aanbiedinge moet in Engels wees.

7.4 Portefeuljes moet ook bewys lewer van refleksie en hierdeur moet leerders:

- dit duidelik stel hoekom hulle die persone gekies het met wie hulle 'n onderhoud gevoer het;
- 'n duidelike begrip toon vir die historiese konteks waarin die individu gewerk het;
- noem hoe die inligting van die onderhoude verband hou met die historiese konteks of hoe dit ons help om die gebeure uit 'n persoonlike perspektief te verstaan;
- 'n persoonlike refleksie insluit oor wat hulle geleer het oor die moontlikhede vir individue om verandering in die samelewing mee te bring;
- deel wat hulle persoonlik met die uitvoering van die mondelinge geskiedenisnavorsing geleer het;
- die waarde van die mondelinge geskiedenisnavorsing deel om ons te help om ons verlede te verstaan;
- alle bronne wat hulle gebruik het, by hul portefeuljes insluit;
- 'n bibliografie insluit; en
- onthou dat plagiaat ernstig gepenaliseer sal word.

8. Vereistes vir onderwysers

8.1 Daar sal van onderwysers van sekondêre skole, wat vir die kompetisie inskryf, verwag word om 'n werkplan te ontwikkel oor hoe hulle die mondelinge geskiedenisprojek beplan en in die klaskamer opgestel het.

8.2 Daar sal van elke onderwyser verwag word om sy/haar navorsing voor 'n paneel beoordelaars aan te bied en vir 'n paneelbespreking voorbereid te wees.

8.3 Onderwysers moet die volgende in 'n portefeulje vir die kompetisie insluit:

- Hoe die mondelinge geskiedenisprojek in die klaskamer aan die leerders bekendgestel is.
- Watter verduideliking aan leerders gegee is oor die keuses en benadering van moontlike persone met wie hulle onderhoude gaan voer.
- Hoe om vir die onderhoude voor te berei, dit te voer en die onderhoud dan as bewys te gebruik om gevolgtrekkinge oor die bydrae van daardie individue te maak.
- Watter intervensies die onderwyser gemaak het om die leerders by te staan om die projek te voltooi.

- Wat die leerders na die onderwyser se mening uit die mondelinge geskiedenisnavorsingsprojek geleer het.
- 'n Reeks voorbeelde van leerders se werk moet ingesluit word.

9. Proses vir die Jong Geskiedkundiges-kompetisie

- 9.1 Onderwysers moet leerders identifiseer en vir die uitdunrondes binne die distrikte voorberei. Hulle moet ook seker maak dat alle leerders wat ingeskryf het, teenwoordig is en dat die nodige vervoer na en van die geleentheid gereël is, en dat die leerders vir die distrikse geleentheid gereed is.
- 9.2 Leerders moet:
- hul navorsing, vraelyste, onderhoude en transkripsies vroegtydig voltooi;
 - seker maak dat hulle hul portefeuljebewyse saamgestel het;
 - hul aanbiedinge voltooi;
 - in staat wees om enige vrae oor hul projekte en navorsing te beantwoord; en
 - in staat wees om hul persoonlike ervarings weer te gee en dit te deel.
- 9.3 Daar word van skole verwag om hul registrasie by die betrokke Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadviseurs in te dien.
- 9.4 Daar word van vakadviseurs verwag om gehalteversekering van die portefeuljes en aanbiedinge na te gaan en die distrik se uitdunrondes te koördineer. Die distrikte sal vyf leerders kies wat hulle by die provinsiale kompetisie sal verteenwoordig.
- 9.5 Bykomende voorbereidende werksessies vir onderwysers en leerders sal deur vakadviseurs binne die distrikte gereël word. Die tye en plekke vir alle werksessies sal via die Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadviseurs bevestig word.
- 9.6 Die provinsiale beoordelingsproses sal op **19 Augustus 2017** plaasvind.
- 9.7 Beoordelingsroosters vir onderwysers en leerders (Bylae A), 'n toestemmingsvorm vir persone met wie onderhoude gevoer word (Bylae B), en 'n evalueringsvorm vir persone met wie onderhoude gevoer word, (Bylae C), is ook ingesluit.
- 9.8 Die DBO sal verantwoordelik wees vir reis- en verblyfkoste vir deelnemende leerders en onderwysers tydens die nasionale kompetisie in Pretoria wat **vanaf 29 September tot 02 Oktober 2017** plaasvind.
- 9.9 Vind asseblief 'n skedule van die kompetisiedatums in Bylae D hierby aangeheg.
10. Registrasievorms (Bylae E) moet teen **20 April 2017** by die betrokke distrikskantoor se Sosiale Wetenskappe- en Geskiedenisvakadviseur ingedien word. Sien lys hieronder:

Distrik	Vakadviseur	Tel. nr.	E-pos	Faks
Metro-Sentraal	Dennis Cloete	021 514 6977	Daniel.Cloetel@westerncape.gov.za	086 236 1892
Metro-Oos	Silumko Mgoqi	021 900 7150	Silumko.Mgoqi@westerncape.gov.za	086 664 2631
Metro-Noord	Suezette Engel	021 938 3014	Suezette.Engel@westerncape.gov.za	021 938 3183
Metro-Suid	Rudolph Hugo	021 370 2060	Rudolph.Hugo@westerncape.gov.za	021 372 1856
Weskus	Alex van Stade	021 860 1233	Alexande.VanStade@westerncape.gov.za	086 562 3907
Kaapse Wynland	Joseph Matsau	023 348 4623	Joseph.Matsau@westerncape.gov.za	086 555 0261
Eden en Sentrale Karoo	Nomava Mapisa	044 803 8347	Nomava.Mapisa@westerncape.gov.za	086 673 8499
Overberg	Jurina Auret	028 214 7338	Jurina.Auret@westerncape.gov.za	028 214 7400

11. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die skoolbestuurspan en betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-03-28